# Hoe om *Kahoot!* te gebruik



Graad 6 tot 12

*Kahoot!* is ’n speletjies-gebaseerde leerplatform wat gratis is. Dit is baie gewild by hoërskool-leerders. Vrae word op ’n skerm vertoon. Elke deelnemer kry geleentheid om die vraag te beantwoord. Die deelnemers gebruik hulle selfone (of rekenaars of ander toestelle) om die vraag te beantwoord. Resultate word op die skerm vertoon, m.a.w. hoeveel het watter antwoord gegee en watter antwoord is die regte een.

**Onderwerp:** Voortrekkerwerk

## Stappe

1. Gebruik *Kahoot!* om Voortrekkers aktief tydens spanbyeenkomste of voorbereiding vir PV of Voorslag te laat deelneem. Al wat nodig is, is dat jou spanlede ’n selfoon of toestel saambring en genoeg data op hulle selfone (of toestel) het. Vra vooraf vir jou spanlede om die toespassingsprogram (App) *Kahoot!* af te laai. Tydens die spanbyeenkoms word ’n toegangskode (Game PIN) vir die deelnemers gegee. Elke deelnemer moet dan inteken. Deelnemers kan hulle eie naam of ’n skuilnaam gebruik. Soos die deelnemers met name inteken, vertoon die name op die skerm.

   
   

   Nou is hulle reg om te begin deelneem. Die eerste vraag verskyn dan op die skerm. Elke deelnemer maak ’n keuse deurdat die vier opsies op die toestel verskyn. Daar is ’n tydsbeperking per vraag. Die opsteller kan besluit hoe lank tyd per vraag daar toegelaat word. Op die skerm vertoon die aantal deelnemers asook hoeveel van die deelnemers die vraag reg geantwoord het. Die volgende vraag vertoon dan op die skerm. Hou so aan totdat al die vrae beantwoord is.
2. Gaan na die webtuiste: https://create.kahoot.it/login
   Registrasie: Skep ’n rekening in *Kahoot!* Sien video vir instruksies.

   
   

3. Skep dan ’n vasvrae. Daar is heelwat tutoriale beskikbaar om te sien hoe om ’n vasvrae te skep. Die vasvrae kan ook met ander gedeel word.
4. Die groot voordeel is dat vrae ook ingevoer (*import*) kan word. Saam met die Hoe om is ’n Excel-spreivel as voorbeeld (KahootQuizTemplateVoortrekkersgeskiedenis) wat net so ingevoer kan word. Jy kan ook jou eie vrae byvoeg.
5. Daar is baie videos en tutoriale beskikbaar om ’n *Kahoot!* vasvrae op te stel.

## Videos

1. Kyk die video **Kahoot_registreer** om te sien hoe om te registreer.

## Digitaal

1. Webtuiste 1: https://www.youtube.com/watch?v=AiB3gmSTPog
2. Webtuiste 2 (verskeie videos): https://kahoot.com/how-to-play-kahoot/